**Wat van profete wat vals voorspellings maak?**

**2 Pet 1:16-2:3**

**21 Maart 2021**

1. Profete wat vals voorspellings gemaak het oor Donald Trump: Kris Valloton, Paula White. Sid Roth en ander
2. Wat is die eienskappe van 'n vals profeet volgens die Ou Testament?
    a. Deut 18::15-22
        i. 'n Profeet praat namens God met mense
        ii. 'n Profeet wie se voorspellings nie waar word nie, is vals en aanmatigend – mens moet nie na hom luister nie, hy moet doodgemaak word
    b. Deut 13:1-3
        i. As 'n profeet se voorspellings uitkom, moet jy bykomend ondersoek of hy jou na God toe lei, voor jy oortuig kan wees hy is 'n ware profeet
    c. Vals profesieë is oortreding van derde gebod, profesieë wat mense weglei van God is oortreding van die eerste gebod
3. Hoe gebruik God profete?
    a. 2 Pet 1
        i. V 10-12: Petrus herinner sy lesers om hulle te beywer vir deel aan die ewige koninkryk
        ii. V 16-18: Petrus beroep hom op wat hy gesien en gehoor het op die berg van verheerliking
        iii. V 19: Dit bevestig die inhoud van die profete nog meer – hulle is dus ware profete wat jou na God lei
    b. Heb 1:1-2: In verlede het God deur die profete gepraat, maar nou deur die Seun
    c. 2 Pet 2:20-21: God het die profete geïnspireer
    d. Op 22:6-7: Inhoud van profetiese boek: Jesus kom weer – dit is betroubaar en waar!
    e. 2 Tim 3
        i. V 14-15: Woord is kennis tot verlossing in Christus
        ii. V 16-17: Woord is voldoende om voorberei te wees vir elke goeie werk
    f. Op 22:18-19: Mag niks by die profetiese boek byvoeg nie
4. Wat kan ons verwag van vals profete?
    a. 2 Pet 2:1 Oorgang van profete na leraars
    b. 2 Tim 3:14, 4:1-2 Verkondig die Woord, tydig en ontydig
    c. 2 Pet 2:1-3: Vals leraars werk soos volg:
        i. Smokkel verderflike dwaalleer in
        ii. Verloën God
        iii. Baie sal hulle losbandigheid volg
        iv. Veroorsaak dat mense kwaad praat van die Weg van die waarheid
        v. In hebsug buit hulle mense uit
5. Afsluiting
    a. God kommunikeer betroubaar deur ware profete: Hy bewerk verlossing
    b. Hy bevestig die profete met gebeure soos op berg van verheerliking
    c. Hy bevestig Sy uitstaande profesieë is ook waar (bv Openbaring)
    d. Hy wil dat die inhoud van Sy profesieë aan die mense in waarheid geleer word
    e. Hy moedig nie die soek van verdere profesieë aan nie, Hy verbied selfs byvoeging